jy draai na my

as elke gedig rondom meegee
meteens elke metafoor murg-in verraai
die hele brose bedryf misluk
draai jy na my toe in die bed

naweke deurgebring in die township
waar wind altyd stof
altyd waai
papiere sakkies altyd teen heinings waai
in erbarmlike saaltjies met stroewe slagspreuke
waar hoop swetend oplaai

by die instap het jy die huis se luike reeds laat sak
water suisel helend van opgeërte sterre en sandklipmaan
draai jy na my toe in die bed

soos wat ek vervreem raak van 'n wit landskap
my kneukels deurknaag op partye
stom doog as gesprekke verdeeld swiep beneweld kwets
draai jy na my toe in die bed

draai jy na my toe voluit in die bed
raap my in jou arms vas teen jou bors sag
  geswel klappende warm bloed
en weg uit my syfer skilferende etterende taal
  hopelose hoop diskrepante pyn
oor na my bring jy heelheid
  sereen en saad

voor ek die lig afsit
staan vryheidsliedere weer in my ore op hoor
  ek die voorsinger sien ek
die hand wat so ferm om my vermolmde bors vou
  is middeljarig
  en ook monomaan.